KWARTAALVERSLAG: BESTUURSKOMITEE OIV. (April – Junie 2022)

Dit werksaamhede van die Bestuurskomitee verg daaglikse aktiwiteite. Die meerderheid daarvan is herhalend van aard. Ek gee in hierdie verslag nuwe inisiatiewe en aktiwiteite wat meer inset benodig, weer.

1 Buks en Otto moniteer die watervoorsiening daagliks. Dit is wonderlik om te rapporteer dat ten spyte van die beurtkrag en die knellende droogte in die streek, Oesterbaai nie een enkele dag sonder water was nie. Ons glo dat die verskeie vertoë en onderhandelings deur die Bestuurskomitee 'n groot rol gespeel het in die skep van addisionele waterbronne.

2 Otto doen verdere verbeterings aan die staproete en hou dit in stand.

3 Ons herhaalde skakeling met die 2 raadslede en 'n brief aan die Provinsiale LUR van Vervoer, het daartoe gelei dat die toegangspaaie geskraap is. Hylien het in die verband versoek dat ons net weer meld dat verskillende owerhede verantwoordelik is vir die instandhouding van die paaie – die Provinsie is verantwoordelik vir die toegangspaaie en die Munisipaliteit vir die interne paaie. Wat die Provinsiale paaie betref, kompeteer ons dus met die hele Oos-Kaap Provinsie waar die fondse uiters skraps is.

4 Ons, onder leiding van Anita, mobiliseer 'n groot standskoonmaak nadat baie gemors na rowwe seetoestande uitgespoel het. Die meeste hiervan was plastiek items.

5 Die gemeenskapslid (Denise Malan) wat vir die Kouga Windplaas Trust vir Oesterbaai verkies is, is oorlede. Adriaan reël vir maatskaplike bystand. 'n Nuwe verteenwoordiger moet nou verkies word.

6 Na voortdurende skakeling met die verantwoordelike Munisipale Bestuurder, is die sypaadjies oopgekap. Walter neem die toesighouer rond en wys die probleemareas uit.

7 Ek ontmoet by verskeie geleenthede met Munisipale amptenare oor die omheining van die saal. Hierdie behoefte is jaarliks, oor 'n tydperk van 'n paar jaar, aan die Munisipaliteit gekommunikeer. Die heining is voltooi en verbeter die sekuriteit van die saal. Die Munisipale Bestuurder is skriftelik hiervoor bedank.

8 Bestuurslede was betrokke by 'n besoek deur Binnelandse Sake wat Oesterbaai besoek het vir identiteitsdokument aansoeke.

9 Riekie se skakeling met die Wyksraadslid en die Brandweer lei verder tot 'n opname oor die hoeveelheid brandkrane in Oesterbaai, die beplanning vir brandkrane by areas wat nie oor brandkrane beskik nie en die diens van die brandkrane.

10 Hylien kontak die gesondheidsinspekteur oor drinkwaterkwaliteit toetse. Die Wyksraadslid word ook hierby betrek, aangesien die toetsuitslae nie bekend gemaak word nie. Hierdie aksie sal verdere aandag geniet.

11 Ek ontmoet maandeliks met die Munisipale wykskomitee verteenwoordiger, Mariekie Smit, om haar by te staan met die formulering van haar maandverslag. Op die wyse word die behoeftes van Oesterbaai en Umzamowethu onder die aandag van die Munisipale Raad gebring.

12 Die Telkom pale wat gerapporteer is, is verwyder. Hierdie aspek gaan verdere skakeling benodig, aangesien baie van die pale en kabels onooglik is.

Ek bedank ons Bestuurlede vir hulle toegewyde, harde werk.

Walter Kurten

Voorsitter